DBV sê ...
VERSORGING VAN VARKE



Uitgereik deur die Nasionale Raad van DBVs

Posbus 1320, Alberton 1450 – Tel: (011) 907-3591 – Faks: (011) 907-4013 - e-pos: nspca@nspca.co.za

ONS DRUK OP HERWINBARE PAPIER – EN JY?

DBV sê ...
VERSORGING VAN VARKE

- 'n Jong of baba vark word 'n VARKIE genoem.
- 'n Volwasse vroulike vark word 'n SOG genoem.
- 'n Volwasse manlike vark word 'n BEER genoem.

WATER

- Varke moet altyd skoon, vars water hê om te drink.
- Een volwasse vark benodig ten minste 5-10 liter water per dag.
- Wanneer sy soog, benodig die sog meer water om genoeg melk te kan produseer.
- Plaas die waterbak altyd in die skaduwee om dit koel te hou.
- Dit is baie belangrik om seker te maak dat die varke nie hul waterbak kan omstoot nie. Maak dit vas, byvoorbeeld aan 'n paal wat in die grond geplant is.

VOEDING

- Varke het net een maag en het dus twee of drie maaltye per dag nodig.
- As varke net een keer per dag kos kry, eet hulle tot hulle vol is en speel dan met die res van die kos, of staan daarin en maak dit vuil. Die kos word dus gemors en die varke lei honger.
- Verdeel die kos in twee dele, voer die helfte in die oggend en die ander helfte in die laatmiddag.
- Moet nooit vir varke vullis of plastiek voer nie.
- Varke kan afvalkos soos mieliepap, brood, groente of vrugte eet. Varkblokkies is die beste kos vir 'n vark.
- Moenie vir varke net een soort groente (soos kool) gee om te eet nie. Varke het 'n gemengde dieët nodig om gesond te bly.
- Gesnyde gras (veral groen gras) in klein hoeveelhede sal help om die varke se dieët aan te vul.
- Dit is belangrik om swak of klein varkies apart te voer anders sal die groter, sterker varke al hulle kos opvreet.
- As daar meer as 4 groot varke in 'n hok is, moet die kos verdeel word in aparte bakke sodat al die varke eweveel kos kan kry.

TELING

- Varke is dragtig vir ongeveer 4 maande en kan tot 10 kleintjies kry met een slag.
- Hou verkieslik varke van dieselfde grootte bymekaar in 'n hok. As groot en klein varke deurmekaar loop, sal daar bakleiery wees en die grotes sal die kleintjies afknou.
- Moenie volwasse bere in dieselfde hok aanhou nie. Hulle kan dalk baklei.
- 'n Sog wat gaan kleintjies kry, moet in 'n aparte area gehou word. Hierdie plek moet skoon, droog en warm wees.
- Sit gras neer in die hok sodat die sog 'n nes vir haar kleintjies kan maak. Dit sal hulle warm en naby hulle ma hou.
- 'n Sog met kleintjies met altyd skoon water hê en sy moet baie gesonde kos twee maal per dag kry.

SKUILING

- Wit varke se velle is pienk en hulle brand maklik in die son. Swart of bruin varke se velle brand nie so maklik nie.
- Varke het nie digte hare om hulle teen koue of hitte te beskerm nie. Hulle kry maklik swaar as hulle té koud of té warm kry.
- Baie varke gaan dood aan longontsteking as hulle in die koue, wind of reën staan. Varke kan ook doodgaan van sonsteek as hulle in die son gelos word sonder skuilin en water.
- Selfs al gaan die varke nie dood van blootstelling nie, sal hulle nie so sterk en gesond wees as wat hulle behoort te wees nie.
- Varke moet altyd 'n warm, droë slaapplek hê.
- Varke moet in die skaduwee kan lê, weg van die son af. 'n Gedeelte van die hok moet 'n dak hê wat genoeg skaduwee vir al die varke kan gee.
- As die dak van metaal is, moet dit met gras of takke bedek word om dit koel te hou.

DREINERING EN HIGIËNE

- Baie mense dink dat varke daarvan hou om in vuil, modderige hokke te staan. Dit is verkeerd. Vuil hokke kan die varke siek of ongesond maak.
- Varke rol in modder om hulself teen die son, temperatuuruiterstes en parasiete (soos vlieë) te beskerm.
- Dit is nie nodig vir varke om modder te hê as hulle skuiling het nie en as hulle hokke skoon gehou word om vlieë en ander parasiete te ontmoeding nie.
- Dit is belangrik dat die vloer van die hok 'n effense helling het, sodat water kan dreineer uit die hok uit en die hok dus kan droog bly.
- Indien water wel opdam in die hok, is dit belangrik om 'n voor te grawe wat die water uit die hok kan weglei.
- Varke mis altyd in dieselfde plek. Maak seker dat die mis ten minste twee keer per week weggeneem word anders sal die vuil hok siektes veroorsaak.
- Kos en waterbakke moet ten minste twee keer per week skoongewas word.